OEFENING VAN DIE WEEK:	Skeduleer hierdie week 'n gesprek met 'n vertroueling om te gesels oor die gebruik van jou tyd en hulpbronne. As jy braaf genoeg is deel jou begroting en kalender met jou vriend en vra die volgende vraag: Hoe kan ek in hierdie seisoen van my lewe 'n volgende stap in vrygewigheid gee itv my tyd en hulpbronne?

Dissipelskap avonture - DAAGLIKSE RITME
Sessie 7 van 10: Die hulpbron ritme, hoe soek ek God se koninkryk met my tyd en hulpbronne?

I. WORD STIL

Gebruik 'n paar minute om ten volle van God se teenwoordig bewus te word. Haal diep asem en nooi God uit om jou te ontmoet.

II. RITME GEBED

II. Lees die gebed 'n paar keer en laat dit oor jou spoel

Here, U is ons Drie-enige God - U seën ons om ook ander te seën. Help my om die tyd wat ek het en die hulpbronne waaroor ek rentmeester is te gebruik om U koninkryk te soek.

III. LEES EN LUISTER

Lees vandag se teks en oordenking met 'n bewustheid dat God Homself wil openbaar. Alhoewel net een teksvers beklemtoon word, is dit goed om die tekste rondom die vers ook te lees. Omdat jy in hierdie week van hierdie oordenkings in jou gemeenskap doen, wees bewus van dit wat om jou aangaan.

Dag 1: *Spreuke 30:7-9*

Vers 7-9 "Twee dinge vra ek van U; onthou dit nie aan my voordat ek sterf nie: Hou valsheid en leuentaal ver van my af; gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is; dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: Wie is die Here? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie."

Hoe nooi hierdie gebed jou uit om na te dink oor die hulpbronne in jou lewe?

Dag 2: *2 Korintiërs 8*

Vers 9: "Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat Hy, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word."

Op watter manier nooi God jou uit om in Sy voorbeeld van opoffering te volg?

Dag 3: *Matteus 6:9-15*

Vers 11: "gee ons vandag ons daaglikse brood;"

OEFENING VAN DIE WEEK:	Skeduleer hierdie week 'n gesprek met 'n vertroueling om te gesels oor die gebruik van jou tyd en hulpbronne. As jy braaf genoeg is deel jou begroting en kalender met jou vriend en vra die volgende vraag: Hoe kan ek in hierdie seisoen van my lewe 'n volgende stap in vrygewigheid gee itv my tyd en hulpbronne?

Wat is die verskil tussen jou werklike behoeftes (jou daaglikse brood) en luukshede? Is daar luukshede wat jy kan prysgee sodat ander daaglikse brood kan ontvang?

Dag 4: *Psalm 24*

Vers 1: "Die aarde en alles wat daarop is,die wêreld en dié wat daar woon,alles behoort aan die Here,"

Alles behoort aan God en ons is slegs rentmeesters. Waarmee het God jou vertrou itv jou tyd en hulpbronne?

Dag 5: 1 Timoteus 6:17-19

Vers 17,18: "*Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam.*"

Wat is jou balans tussen genot/eie plesier aan die een kant en goeie dade, vrygewigheid en mededeelsaamheid aan die ander kant?

Dag 6: Dink vandag aan jou tyd en hulpbronne en gee dit aan die Here deur te bid, Here laat U koninkryk kom deur my _____ (werk, salaris, voertuie, huis, ensv)

IV. DINK NA

Lees deur die volgende vrae en antwoord die 1/2 wat tans tot jou spreek. Dit mag nuttig wees om van jou gedagtes neer te skryf

Wat voel ek sê hierdie teks oor God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met my naaste? Hoe kan ek oor my tyd en hulpbronne reflekteer deur die lens van hierdie teks?

V. WOORD IN AKSIE

Skryf enige praktiese idees of waarhede neer wat jy graag wil saamdra vir jou dag: Wat ervaar jy wil God vir jou sê? Maak die Heilige Gees jou bewus van iemand of om iets prakties te doen?

VI. GEBED VIR DIE DAG

Praat met God oor wat jy gedink en ervaar het in jul tyd saam. Luister ook na Sy hart en wat Hy wil sê